Publication: Sake (Rapport Gauteng)
Date: Sunday, June 30, 2019
Page: 5

# Vruggebruik skep meestal probleme vir gade én kinders

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ek het die afgelope twee weke drie navrae gehad oor die verpligtinge van 'n vruggebruiker. Oor maande baie meer. En elkeen van hulle het gehandel oor 'n ongelukkigheid tussen die vruggebruiker, gewoonlik 'n gade of liefling, en die kinders van die oorledene.

Ek bepaal my vandag by vruggebruik wat geskep is by wyse van 'n testament. Die man sterf en sy testament bepaal dat die vrou lewenslange vruggebruik kry oor die woonhuis, plaas, of wat ook al.

Die eiendom vererf na 'n kind. En as jy regtig twis wil hê, na die stiefkind van die vrou wat die vruggebruik erf.

Deur 'n vruggebruik oor eiendom aan iemand te bemaak, behels kortliks die volgende. A bemaak in sy testament eiendom aan sy seun (of dogter) B. Maar hy bemaak die vruggebruik oor dieselfde eiendom aan sy vrou, of sy liefling (mos nie noodwendig dieselfde mens nie) C.

Die gevolg hiervan is kortliks die volgende: B erf eiendom waarmee hy of sy prakties niks kan doen nie, want C besit die vruggebruik. Dit behels dat C die volle waarde van die eiendom (opbrengs) vir haarself het. Sy kan daarin woon, sy kan dit selfs verhuur en al die geld in haar sak steek. B moet wag totdat C dood is voordat hy of sy die eiendom ten volle kan besit.

Dit is 'n resep vir huismoles. Veral as die ma, stiefma of pa se loslappie besluit dis 'n lekker lewe dié, ek gaan lank daaraan klou. Die erfgenaam stap ook aan in jare en moet sit en toekyk hoe sy of haar erfenis deur iemand anders benut word.

Op sy ergste kan dit selfs sy of haar eie boedel- en kapitaalwinsbelastingplig eendag opjaag, sonder 'n dag se lekkerte van die pa se erfenis.

Daarom die twis. En daarom die vrae wat ek kry.

Kom ons kyk nou na die regte en pligte van 'n vruggebruiker.

Soos hierbo genoem, het die vruggebruiker die alleenreg op die volle opbrengs (genietinge) van die bate. Die spreekwoordelike vrugte aan die boom is alles syne.

Die kind besit die boom, maar hy of sy kan basies boggerol daarmee doen.

Die vruggebruiker moet die eiendom met sorg gebruik, soortgelyk aan 'n (goeie) pa wat vir sy familie sorg (bonus paterfamilias). Daar is nie eenstemmigheid oor of die vruggebruiker die eiendom moet verseker nie. Die gevoel onder gesaghebbende skrywers is dat in die moderne lewe daar so 'n plig behoort te wees.

Die vruggebruiker moet die eiendom in stand hou in dieselfde toestand as waarin dit verkry is. Sy (in ons voorbeeld) hoef nie verbeteringe aan te bring nie.

Eweneens, as die eiendom uitmekaar val weens ouderdom, kan daar nie van die vruggebruiker verwag word om dit te herbou nie.

En die een vraag wat die grootste twis veroorsaak? Ja, die vruggebruiker is wel verantwoordelik vir die erf- en munisipale belasting.

Goed. Hoe hou jy jou geliefdes uit mekaar se hare as jy die emmer skop?

Eerstens, vruggebruik is nie die beste manier om voorsiening te maak nie. Jy kan as daar nie anders voorsien is nie, die vruggebruiker in jou testament vrystel van al of sommige van die verpligtinge genoem.

Maar dit help nog nie die uiteindelike erfgenaam nie.

Deur bloot genoeg lewensdekking uit te neem, kan jy behoorlik vir naasbestaandes sorg, sonder om hulle met vruggebruik op te saal.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.